INFORMELE ASSESSERING
COVID-19
Memorandum

* Maklik	** Gemiddeld	*** Uitdaging

A. Luister na die video en beantwoord die vrae.

1. Waaroor gaan die video? *

   COVID-19

2. Hoe het koronavirus sy naam gekry? **

   Die naam is gegee as gevolg van die klein steekseltjies wat op die virus se oppervlakte voorkom wat soos ’n kroon lyk.

3. Hoe help ons die virus om rond te beweeg? **

   Deur aan verskillende goed te raak of aan ons gesigte te vat en wanneer ons hoes of nies.

4. Wat gebeur met die virus sodra dit die longe bereik? **

   Die virus begin dupliseer en die goeie selle word oorgeneem en vernietig.

5. Wat word die selle genoem wat teen die virus baklei? *

   Immuunselle

6. Word die immuunselle aangetas deur die virus? Watter gevolg het dit? ***

   Ja, die virus affekteer immuunselle ook. Die selle gaan op aanval en vernietig alles wat hulle sien. Die immuunselle vernietig ook die gesonde selle. Dan sien die immuunselle net rooi en meer selle kom veg. Die immuunselle put hulself uit dan en veroorsaak nog meer skade.

7. Watter ander siekte word die selle in die longe aan blootgestel? *

Longontsteking

8. Noem een persoon wat meer vatbaar is vir die virus. *

Een van die volgende

Ouer mense/Myners/Noodsaaklike werkers

9. Vir wie gebruik die virus om te versprei? *

Mense

10. Noem twee maniere waarop jy kan keer dat die virus versprei. **

Twee van die volgende

Hande was

Masker dra

Sosiale afstand hou

Groet met elmboog/deur te waai

Nies of hoes in jou elmboog